# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging Letaba Tak

**_Posbus 1989 Tzaneen 0850_**
**_Voorsitter_** _(André le Grange) Tel: 082-322 5388_ **_Ondervoorsitter Admin_** _(Dawie van Vuuren) Tel: 083-454 5391_
**_Sekretaris_** _(Renier vd Merwe): Tel: 082-410 0599_ **_Ondervoorsitter_** **Opleiding** _(Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114_
**e-mail :** reniervdm@polka.co.za **Tesourier** _(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580_
**Sekretaresse** : Gerda Esterhuizen 015-3062307 **e-mail** : dawie.vanvuuren@brokers.absa.co.za

---

## Notule van die bestuursvergadering op 04 September 2008

**1. Opening en verwelkoming:**

Die vergadering word deur Johan de Beer geopen met gebed. Dawie van Vuuren verwelkom almal teenwoordig by die vergadering.

**2. Doelstellings:**

Die doelstellings word deur Alwin voorgelees.

**3. Lief en Leed:**

Kobus du Toit is oorlede. Kleinjan Welthagen is in Pretoria in die hospitaal, dit gaan sleg met hom.

**4. Teenwoordig:**
Bestuur:

G Fourie
D van Vuuren
Rob du Plessis
Chris de Wet
Johnny Rech
Dawie Botes
Frikkie van Zyl
Abel Botha
Alwin Fleischmann
Marius Janse van Rensburg

Lede:

D van der Lith
J Verster
W Horak
C Steyn
A Last
R Mac Donald
J de Beer

**5. Verskonings:**
Bestuur:

Renier van der Merwe
Carel Buitendag
Phillip Robinson
Hannie Botha
Johan Ehlers
Walt Katzke
Andre le Grange

**6. Vorige notule:**

**6.1. Sake voortspruitend uit die vorige notule:**

**6.1.1.** Versekering kwotasies is deur Dawie verkry. Daar word besluit dat die dagbestuur met Koos Smit sal gaan praat. Northern Security sal die alarm insit en die versekering betaal in ruil vir die gebruik van die baan om hul eie mense op te lei. Geen pistole mag op die lang baan geskiet word nie.

**6.2. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**

Die vorige notule word aanvaar en goedgekeur.

**7. Vastelling van die agenda:**

Agenda word aanvaar met verdere bespreking onder hoofpunte.

**8. Finansies & Administrasie:**

8.1 Tjek rekening

Saldo: 01/09/2008 R 22 923.08

Spaar Rekening:

Saldo: 01/09/2008 R 5 133.01

Daar word besluit dat alle uitgawes op 'n vergadering goedgekeur moet word.

8.2 Daar word besluit om die lopende fondse in die Call account te hanteer om soveel moontlik rente te verdien en dan slegs operasionele fondse na die tjek rekening oor te plaas.

8.4 Fondse rondom die skiettafel opgraderingsprojek word bespreek.

8.5 Daar is 'n bedrag van R 2500 verskuldig aan Lombards. Die vergadering keur dit goed dat die bedrag betaal moet word.

8.6 André moet opvolg of die jaarlikse huur moet aan die Stadsraad betaal is.

8.7 Uitstaande ledegelde moet opgevolg word deur die ge-allokeerde bestuurslede. Daar word besluit dat die finale afsny datum vir lede met uitstaande ledegeld die einde van November is.

**9. Nuwe Lede en Toegewyde Jagters:**

Die volgende nuwe lede word voorgestel en goedgekeur:

Mike Elliott
Maurits Perold

Die volgende toegwyde jagters aansoek word goedgekeur:

Geen.

## 10. Klubhuis & skietbaan gronde:

### 10.1. Arbeid

André onderneem om ‘n standaard engelse dienskontrak vir Brown te laat opstel. Daar is ‘n nuwe kroegman, Herman. Hy kan kook maar is nog in opleiding met die drank gedeelte.

### 10.2. Klubhuis:

Klubhuis is nuut uitgeverf en verbeterings is aangebring. Dakverf sal ook nog gedoen word.

### 10.3 Skietbaan:

Die permanente skiettafels nader voltooiing. Spesiale dank aan Giam vir sy toesig en reëlings asook aan Letaba Brick Yard vir skenkings. Daar is ‘n probleem met die pale wat dalk in die pad gaan wees by sommige van die skiettafels. Sal ondersoek word.

### 10.4. Kroeg

Kroeg is onder Giam Fourie se bestuur, in vennootskap met Letaba BJV.

## 11. Skietdae:

11.1 Die Ghong skietdag word verskuif na 6 September 2008. Alwin Fleischmann is in beheer van die reelings. Alwin beskryf wat die skietdag alles gaan behels en reëlings word getref rondom verversings.

11.2 Groepering Skietdag – 8 November 2008

Chris de Wet raporteer dat Trappers Trading weer hemde sal gee. Die groottes en hoeveelheid moet 4 weke voor die tyd gegee word. Die hemde moet die amptelikke kleur van BJV wees. Die borglys is dieselfde as verlede jaar en almal word versoek om so lank die borge te nader.

Die moontlikheid om Fonteinplaas te huur vir die naweek word bespreek. Dit kos maar R800 vir ‘n naweek en sal gebruik word vir die mense wat ver ry om die skietdag by te woon. Kampplekke sal uitgesit word vir die met karavane en tente. Die ablusiegeriewe sal opgegradeer moet word.

Die banier moet verander word.

Daar sal ‘n spesiale vergadering gereël word nader aan die skietdag om finale reëlings te finaliseer.

**12. Opleiding:**

12.1 Die Junior 2 kursus was by Boetlap Pohl se plaas aangebied vanaf 14 –17 Augustus. Daar was tien juniors gewees en 5 bokke is geskiet. Abel Botha doen 'n beroep dat meer instrukteurs die kursus moet bywoon.

12.2 Alle instrukteurs moet nou by TEDA ge-akkrediteer word as assessors.

12.3 Daar word bespreek of nuwe opleidingsboeke gedruk gaan word. Johan de Beer sal die literatuur op 10 CD's sny en beskikbaar stel.

**13. Kleiduif:**

Daar word bespreek of die kleiduif dae nie eerder na 'n oefendag toe verander moet word nie. Die kostes beloop nou al R60 vir 10 skote. Die idee is om ouens in staat te stel om hul hael gewere te kan behou.

**14. Boogjag:**

Geen

**15. Handwapenjag:**

Alwin bespreek of die handwapen jag by die BJV nie bietjie afgeskaal moet word nie. Daar word voorgestel dat die handwapen jagters 'n aangepaste CHASA tabel kan skiet. Selfde as die CHASA tabel net sonder die 200m. Daar word ook voorgestel dat die Pin Shooting met die CHASA skietdae gekombineer kan word.

**16. Buskruit:**

Geen

**17. Windbuks:**

Geen

**18. Jaggeleenthede:**

Geen

**19. Redaktrise / publikasies / pers:**

Geen

**19.1. Internet:**

Internet is nou beskikbaar by die klubhuis. Lede kan nou hul besonderhede na gaan

**20. Uitvoerende vergadering:**

Die algemene jaarvergadering vind plaas op 04 Oktober 2008. Nominasie lyste vir die bestuur moet voor die 19 September 2008 ingehandig word.

**21 Fondsinsamelings**

Met die voltooiing van die skiettafels moet gepoog word om elke tafel te “verkoop” teen R1000 elk. Die borg kan dan hierop adverteer. Die format en grootte van advertensie bord sal voorgeskryf word. Daar word besluit dat Letaba Brick Yard en Dombo, Du Plessis en Vennote elk ‘n gratis tafel kan kry vir hul dienste gelewer met die bouery.

**22. Beskikbare Vuurwapens**

Sien BJV Winkel op webblad.

**23. Algemeen:**

23.1 Alle lede word gevra om solank te begin dink aan disse vir die wildsete. Almal wat wildsvleis het om te skenk word gevra om dit solank eenkant te hou of dit vir Wallie te gaan gee. Veral die meer vreemde spesies.

23.2 Nominasies vir die nuwe bestuur moet aan Renier gestuur word.

23.3 Die staalrame wat voor die klubhuis staan gaan toegebou word om te dien as nuwe teikenstore. Ou garage deure moet by Renier gehaal word. Inskrywings vir die skietdae sal ook daar gedoen word. Die boukoste beloop R250/1000 stene.

**23. Volgende vergadering:**

Bestuursvergadering: 2 Oktober 2008

**LYS VAN TOEKOMSTIGE PROJEKTE**

Die volgende lys sal bygehou word om toekomstige projekte te beplan en te prioritiseer:

1. Aanbou van teiken stoor – In wording
2. Verbetering van skietbaan walle en uitgrawing van langshellings – In wording
3. Kamp terrain met ablusies
4. Annbou by Brown se huis – Lang termyn